

Van stof tot sterre



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 12; Romeine 8:34; Lukas 10:20; Romeine 8:18; Hebreërs 2:14, 15; Johannes 14:29; Openbaring 11:3.

Geheeteks:

“En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel... en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre” (*Daniël 12:3, deels OAB & NAB*).

Die boek Daniël begin met Nebukadnesar wat Judea inval en sommige van die Judeërs in ballingskap wegvoer na Babilon. Daarenteen sluit Daniël af met Migaël wat tussenbeide tree om die kinders van die Here uit die kloue van eindtyd-Babilon te bevry. Met ander woorde: soos dit deurgaans uit Daniël blyk, laat God uiteindelik – reg aan die einde van die geskiedenis – alles ten goede vir sy getroue kinders meewerk. Soos ons ook gesien het, het Daniël en sy vriende getrou aan God gebly. Te midde al die uitdagings en beproewinge van ballingskap toon hulle ongekende wysheid. Net so sal God se eindtydkinders te midde van beproewinge ook getrou bly, veral gedurende die tyd van benoudheid, “’n tyd van benoudheid soos daar nie gewees het vandat ’n volk bestaan het tot op dié tyd nie” (*Dan. 12:1, OAB*). In daardie tyd sal God se kinders wysheid en insig aan die dag lê, net soos Daniël en sy vriende in Babilon van ouds gedoen het. God se eindtydkinders gaan nie net oor wysheid as ’n persoonlike deugde beskik nie, maar sal as gevolg van daardie wysheid hulself aan sielredding wy sodat ander ook die waarheid kan hoor. Sommige sal in daardie tyd afsterwe of om die lewe gebring word, en sal dus weer deel van die stof van die aarde word. Tog sal hulle in die opstandingsmôre opgewek word en die ewigheid beërwe. Dit is soos die Bybel tereg sê: “En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe” (*Dan. 12:2, OAB*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 Maart.*

Ons Vors, Migael

Lees Daniël 12:1. Wie verander die verloop van die geskiedenis aan die einde van tyd? Hoe help Romeine 8:34 en Hebreërs 7:25 'n mens om hierdie teksvers in Daniël te verstaan?

Tot dusver is elke hoofstuk in Daniël met die naam van 'n heidense koning ingelui. Daniël 12 begin ook met die naam van 'n heerser, maar dié keer is dit 'n goddelike Vors wat na vore tree om God se kinders uit die hand van die vyand te bevry. Soos ons flussies in ons studie oor Daniël 10 gesien het, is Migael dieselfde magtige hemelwese wat aan Daniël by die oewer van die Tigrisrivier verskyn het. So tree Migael dan na vore as die hemelse verteenwoordiger van God se volk. Elders in Daniël verskyn Hy ook as die Seun van 'n mens (Daniël 7), die Vors van die leër (*Daniël 8*), en 'n Gesalfde, 'n Vors (*Daniël 9*). Migael – wie se naam “wie is soos God?” beteken – is dus niemand anders as Jesus Self nie.

Dit is belangrik om op die tydsberekening van Migael se ingryping te let. Volgens Daniël 12:1 gebeur dit “in dié tyd” (*Dan. 12:1, OAB*) en dui op die tydperk wat in die voorafgaande hoofstuk, Daniël 11:40-45, genoem word. Dit strek vanaf die val van die pousdom in 1798 tot by die voleinding van die wêreld en die opstandingsmôre (*Dan. 12:2*). Uit die werkwoord “staan” – wat in die Ou Vertaling in hoofstuk 12:1 gebruik word om sy optrede te beskryf – kan 'n mens twee dinge oor die aard van Migael se werk aflei. Eerstens laat die woord “staan” 'n mens aan die opkoms van 'n koning dink, dat hy opstaan om te verower en regeer. Die gekose werkwoord het in die eerste plek 'n militêre konnotasie (let byvoorbeeld op die Afrikaanse terme “staande mag”). Dit toon dat Migael as 'n militêre bevelvoerder optree ten einde sy volk te beskerm, en dat Hy hulle in die laaste fase van die groot stryd op 'n spesiale wyse sal lei.

Tweedens dui die werkwoord “staan” ook op 'n oordeel-scenario. Migael “staan” voor God as 'n regsverteenvoerder. As Seun van die mens verskyn Hy voor die Oue van dae, en tree as voerspraak vir God se kinders in die ondersoekende oordeel op (*Dan. 7:9-14*). Die feit dat Migael “staan” (en ook “instaan”) suggereer dus die militêre en geregtelike sye van sy werk. Met ander woorde: Hy word met die nodige mag beklee om God se vyande te oorwin, en met die nodige gesag om God se kinders in die hemelse hofsitting te verteenwoordig.

Dink 'n bietjie daaroor na: wat beteken die wete dat Migael vir ons “instaan” en veral op hierdie tydstip van die groot kosmiese geveg? Watter hoop behoort dit aan jou as sondaar te gee?

In die boek opgeskrywe

Daniël 12:1 praat van almal “wat in die boek opgeskryf is” – wat beteken dit?

Migael se ingryping kom in 'n tyd van ongekende benoudheid, soos die Bybel dit beskrywe. Dit kom daarop neer dat God sy Gees aan die opstandige mensdom gaan onttrek. Dan volg die sewe laaste plaes, waardeur God sy wraak oor die nasie uitoefen, en word op eindtyd-Babilon uitgestort (*Openbaring 16 en hfst. 18:20-24*). In daardie tyd word die magte van duisternis op die wêreld losgelaat. Let op Ellen G. White se skrywe in dié verband: “Dan sal Satan die mensdom in 'n laaste wêreldwye krisis dompel. Met die engele van God wat nie meer 'n demper op die strydlustige mens plaas nie, neem afbrekende emosies oor. Die ganse mensdom lê alles op aarde in puin. Daardie dag sal meer skrikwekkend wees as die verwoesting wat Jerusalem van ouds te beurt geval het” (*The Great Controversy*, bl. 614). Tog is dit juis in daardie tyd van verskrikking wat die kinders van die Here se redding bekragtig word. Dit gebeur tydens die ondersoekende oordeel, terwyl die hemelse hof in sitting is. By daardie geleentheid tree Jesus as hemelse hoëpriester op en suiwer sy kinders van alle blaam, waarna Hy hul name in 'n spesiale boek opteken. Wat is dié boek waarvan Daniël hier praat? Neem in ag dat die Bybel van twee soorte boeke wat in die hemel gebruik word, praat. Die een bevat die name van diegene wat aan die Here behoort, en word somtyds die boek van die lewe genoem (*Eks. 32:32, Luk. 10:20, Ps. 69:28, Fil. 4:3, Op. 17:8*).

Benewens die boek van die lewe, praat die Bybel ook van 'n boek waarin die handeling van die mens opgeteken word (*Ps. 56:8, Mal. 3:16, Jes. 65:6*). Laasgenoemde word in die hemelse hofsitting gebruik, ten einde elke mens se toewyding aan die Here te bepaal. Dit is dus 'n “boekstaving” of “databasis” – 'n naamlys met elkeen se doen en late daarby. Die idee van 'n hemelse naamlys, en veral die boekstaaf van doen en late daarin, maak party mense egter vreeslik benoud. Onthou net: sodra 'n mens jou lewe aan Christus wy, word jou naam in die boek van die lewe opgeteken, en ons slegte dade tydens die oordeel daaruit verwyder. Neem ook in ag dat hierdie boekstaving 'n geregtelike bewys is, sodat die ganse heelal kan sien dat ons wel aan Jesus behoort en gevolglik die reg het om tydens die tyd van benoudheid God se spesiale beskerming te geniet.

Waarom is die geregtigheid van Christus wat ons toegereken word, en daardie geregtigheid alleen, ons enigste hoop om “in die boek opgeskrywe” te wees? Hou jou antwoord gereed vir die klasbespreking.

Die opstanding

Lees Daniël 12:2 en 3. Van watter gebeurtenis praat hy hier? Hoekom is hierdie gebeurtenis so belangrik, inaggenome hoe ons die dood verstaan?

Hier in Daniël het ons seker die mees direkte verwysing na die opstanding in die ganse Ou Testament. Belangrike waarhede kom boonop na vore wanneer 'n mens hierdie skrifgedeelte begin bepeins. Eerstens, dat geen onsterflike siel binne-in die liggaam woon nie, soos die metafoer “slaap” inderdaad aandui. Die mens is 'n onverdeelbare geheel – liggaam, verstand en gees in interafhanklike tandem. Met die dood stop al drie funksies, totdat die opstandingsmôre aanbreek. Neem ook, tweedens, in ag dat die komende opstanding volgens hierdie skrifgedeelte 'n ommekeer van die loon van die sonde is. Die uitdrukking wat in Daniël 12:2 as “die stof van die aarde” (OAB) vertaal word, is eintlik “die aarde van stof” in Klassieke Hebreeus. Hierdie ongewone woordorde wys terug op Genesis 3:19, die enige skrifgedeelte waar die woorde “aarde” die woord “stof” voorafgaan. Dit impliseer dat die dood wat na Adam se val oor die mensdom afgekondig is, eendag omgekeer sal word en nie meer die oorhand sal hê nie. Dit is soos Paulus tereg sê: “Die dood is verslind in die oorwinning” (1 Kor. 15:54, OAB).

Lees Romeine 8:18 en Hebreërs 2:14, 15. Om watter rede het ons nie nodig om die dood te vrees nie?

Die dood bederwe en beëindig alles op aarde. Gelukkig ontvang ons die belofte dat die dood nie finale seggenskap oor die getroue Christen se lewe het nie. Die dood is reeds 'n verslane vyand. Toe Christus die kettings van die dood verbreek en uit die dood opgestaan het, was dit die doodsteek vir die dood. Nou kan ons verder as die dood kyk. Die dood is 'n tydelike werklikheid, maar ons oog is op die uiteindelijke werklikheid, dat ons die ewige lewe van God deur Christus ontvang. Migael “staan” ter wille van ons (lees Dan. 12:1) op en in, en daarom gaan diegene wat aan Hom behoort, ook uit die dood opstaan. Uit die “aarde van stof” gaan hulle verrys om vir ewig en altyd soos die sterre te skitter.

Die lewe bring soms pyn en stryd. Hoe kan ons te midde hiervan hoop en vertroosting uit die beloofde opstandingsmôre put? Niks anders maak saak nie. Dit is gewis so. Waarom?

Die verseële boek

Lees Daniël 12:4 en Johannes 14:29. Hoekom moet Daniël dan tot die tyd van die einde verseël word?

Hier aan die einde van die laaste afdeling (*hfst. 10:1-12:4*) van dié profetiese boek kry Daniël opdrag om die boekrol tot die eindtyd te verseël. Let nietemin op die engel se voorspelling: “Baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder” (*Dan. 12:4, OAB*). Sommige bybelstudente meen dat hierdie versgedeelte op wetenskaplike vooruitgang dui, veral op grond van die King James-vertaling: “Many shall run to and fro, and knowledge shall be increased.” Uit die konteks blyk dit egter, soos die Afrikaanse Ou Vertaling inderdaad toon, dat dit die bybelboek self is wat met mening bestudeer gaan word. Die geskiedenis van die Christendom toon inderdaad dat Daniël eeue lank ’n onverstaanbare teks vir gelowiges was. Hoewel mense daarvan bewus was en dit op bepaalde plekke wel bestudeer is, het party van die sleutelwaarhede en profesieë daarin ’n raaisel gebly. Die profetiese boodskappe wat met die reiniging van die hemelse heiligdom, die oordeel, die identiteit en werk van die klein horinkie, asook die tydsbestekke hierin, verband hou, is enkele voorbeelde hier, en was alles behalwe duidelik.

Die wending het met die Protestantse Hervorming gekom, waarna al hoe meer Christene die boek begin studeer het. Dit was egter eers met die aanvangs van die eindtyd dat die boek oopgegaan het en dat die betekenis daarin op ’n meer volledige wyse ontsluit is. Ellen G. White sit dit paslik uiteen: “Dit was eers sedert 1798 dat die boek Daniël ontsêl is. Toe het die kennis van profesie toegeneem, en het talle die gewigtige boodskap verkondig dat die oordeel op hande is” (*The Great Controversy*, bl. 356). “’n Nuwe belangstelling in die profesieë van Daniël en Openbaring het aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu op die wêreldtoneel verskyn, en op ver-liggende plekke. Die bestudering van daardie profesieë het byna alom tot ’n bepaalde oortuiging gelei – dat die wederkoms van Christus op hande is. Vele bybelvertolkers in Engeland; insluitende Joseph Wolff in die Midde-Ooste, Manuel Lacunza in Suid-Amerika, en William Miller in die VSA; asook ’n magdom ander profesiestudente, het op grond van hul bestudering van Daniël verklaar dat die wederkoms op hande is. Vandag het daardie oortuiging die dryfveer vir ’n wêreldwye beweging geword” (*The Seventh-day Adventist Bible Commentary*, vol. 4, bl. 879).

Dink ’n bietjie aan die groot voordeel wat die hedendaagse gelowige het: ons kan terugkyk op die geskiedenis en sien hoedat hierdie profesieë van Daniël in die vorm van bepaalde historiese gebeure vervul is. Hoe help dit ’n mens om al God se beloftes te vertrou?

Wagtend op die wederkoms

Lees Daniël 12:5-13. Hoe sluit die boek Daniël af?

Interessant genoeg vind hierdie slottoneel plaas by “die rivier” (d.w.s. die Tigrisrivier soos die NAB dit duidelik stel), en is die plek van Daniël se laaste groot visioen (*Dan. 10:4*). Tog dui die woord wat hier as “rivier” vertaal word – ye’or – gewoonlik op die Nylrivier. Dit laat ’n mens aan die uittoeg uit Egipte dink, en toon dat God sy eindtydkinders uit die hande van geestelike Babilon sal red, net soos Hy die Israeliete uit Egipte bevry het.

Drie profetiese tydperke word hier deurgegee. Die eerste tydperk – “’n tyd, tye en ’n halwe tyd” (OAB, NAB, NLV) – beantwoord die vraag: “Hoe lank sal dit duur voordat hierdie skrikwekkende dinge in vervulling gaan?” (*Dan. 12:6, NLV*). Die “skrikwekkende dinge” verwys na die dinge wat in hoofstuk 11 se visioen uitgebeeld word, wat natuurlik uitbrei op dié in Daniël 7 en 8. Let veral op die feit dat hierdie tydperk in Daniël 7:25 en later in die volgende hoofstukke van Openbaring genoem word – te wete hoofstuk 11:3, hoofstuk 12:6, hoofstuk 14 en hoofstuk 13:5. Dit stem ook ooreen met die 1,260 jaar van pouslike oppermag, wat van 538 v.C. tot 1798 n.C. geduur het. Daniël 11:32-35 maak ook melding van hierdie vervolging, maar sonder om ’n tydsduur te gee.

Die ander twee tydperke is die 1,290- en 1,335-dae-tydperke, en beantwoord die vraag: “Wat sal die einde van al hierdie dinge wees?” (NLV) – ’n vraag wat Daniël self aan die Man in die linneklere stel. Wat meer is, beide tydperke begin met die afskaf van die “gereelde offer” en die oprig van “die gruwelike ding wat verwoesting aanrig” (NLV). Uit die les oor Daniël 8 het ons gesien dat die “daaglikse” of “voortdurende offer” op Christus se volgehoue bemiddeling dui, wat met ’n vervalsde vorm van aanbidding vervang word. Die profetiese tydperk begin dus in 508 n.C. toe Clovis, die koning van die Franke, hom tot die Katolieke geloof bekeer het. Hierdie belangrike gebeurtenis het die weg vir die samesmelting van kerk en staat gebaan, ’n praktyk wat regdeur die Middeleeue gevolg is. Die 1,290 dae het dus in 1798 geëindig, toe die pous op gesag van die Franse keiser Napoleon gearresteer is. En die 1,335 dae – die laaste profetiese tydperk wat in Daniël genoem word, eindig in 1843. Dit is natuurlik die tyd van die Milleriete-beweging en die hernieude bestudering van bybelprofesie – ’n tydperk waarin gelowiges met groot hoop na die wederkoms van Christus uitgesien het.

In Daniël merk ’n mens deurgaans twee dinge: Dat die kinders van die Here vervolgd word, en die feit dat hulle in ’n later stadium vrygespreek en gered word. Hoe kan hierdie tweeledige waarheid ons help om getrou te probeer bly, ongeag die beproewinge waardeur ons tans gaan?

Vir verdere studie:

“Bybelprofesie toon ’n reeks opeenvolgende gebeure wat uiteindelik tot die hemelse oordeel lei. ’n Mens sien dit veral in die boek Daniël. Tog is Daniël aangesê om daardie deel van sy profesieë wat op die eindtyd betrekking het, eers te verseël, ‘tot die tyd van die einde toe’ (OAB). Die pylvak van die wêreldgeskiedenis moes eers aanbreek, voordat die nuus oor die oordeel verkondig kon word, ’n finale tydperk wat eers deur die vervulling van al hierdie grondslag-profesieë voorafgegaan moes word. Met die aanbreek van die eindtyd sal ‘baie dit [hierdie profesieë in Daniël] deursoek, en die kennis sal vermeerder’ (*Dan. 12:4*).

“By die apostel Paulus ontvang die destydse gelowiges egter ’n belangrike waarskuwing: moenie die wederkoms van Christus nou te wagte wees nie. ‘Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie’ (2 *Tess. 2:3, NAB*). Eers moes die afvalligheid en die lang bewind van die ‘wettelose mens’ kom – en daarna kon ons die wederkoms van Jesus te wagte wees. Die ‘wettelose mens’ – wat ook ‘die verborgenheid van die ongeregtigheid,’ ‘die seun van die verderf’ en ‘die ongeregtige’ (OAB) genoem word – dui op die pousdom, wat volgens bybelprofesie haar opperheerskappy vir 1,260 jaar sou handhaaf. Hierdie tydperk het egter in 1798 tot ’n einde gekom. Die wederkoms van Christus kon dus nie voor hierdie dinge plaasvind nie. Paulus se waarskuwing [oor wanneer gelowiges die wederkoms min of meer te wagte kon wees] dek die hele Christelike bestel tot by 1798. Dit is eers na hierdie jaartal wat die boodskap verkondig kon [en kan] word, naamlik dat die wederkoms van Jesus op hande is” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 356).

Vrae vir bespreking:

1. Watter gevare hou dit in om ’n datum vir toekomstige eindtydgebure te probeer vasstel? Wat gebeur met baie se geloof wanneer sulke voorspellings uiteindelik nie bewaarheid word nie? Jesus se waarskuwing in Johannes 14:29 is immers van kardinale belang. Hoe kan dit ons help om profesie reg te gebruik, sodat dit geestelik opbouend is en ’n mens nie die fout maak om valse voorspellings te maak of te glo nie?
2. Let op die tydvak waarin ons woon – een van oombliklike kommunikasie tot aangrypende wetenskaplike uitvindings (wat natuurlik nie altyd so goed vir ons is nie). Hierdie verwikkelinge onderstreep die moontlikheid van ’n Bybelse “tyd van benoudheid... soos daar nog nie was sedert nasies ontstaan het nie” (OAB & NLV). Hoe so?
3. Besin oor jul antwoorde op Maandag se laaste vraag en bespreek dit. Die vraag was: Waarom is die geregtigheid van Christus wat ons toegereken word, en daardie geregtigheid alleen, ons enigste hoop om “in die boek opgeskrywe” te word? Wat meer is: watter hoop het ons daarsonder?